Net so gaan daar nog 'n maand verby en ons is by Oktober.

September was interessant uit verskillende oogpunte gesien. Die Media Tribunaal maak groot opspraak en die media is natuurlik in rep en roer omdat hulle 'n bedreiging sien hierin. Baie mense - ook bekendes - dink dat dit tyd is om die media se monde te snoer, maar hulle besef een ding nie - as die media gesnoer word, word elkeen van ons se stem net 'n bietjie stiller. Strenger wetgewing met betrekking tot vryheid van uitdrukking deur die Internet is ook al op die kaarte so miskien moet ek begin om versigtiger te wees wat ek op hierdie blog se (loer versigtig om my rond).

September was eintlik redelik stillerig vir Murg, maar vir my wqas dit wel besig. Dit was die einde van die kwartaal by my dagjoppie (een van die redes waarom ek nie so gereeld kan blog nie is dat ek brood op die plank moet hou), maar dit was 'n goeie kwartaal. Hoewel die groot deurbraak eers op Donderdag die 30e plaasgevind het en ons daai aand 11-uur eers die ding kon boek. Darem 'n koel miljoen. Dollar. Wens dit was myne, maar nouja...

Ek het my soos gewoonlik besig gehou met die kamera, en het 'n lekker shoot gedoen met 'n nuwe kunstenaar - Gert Koevert - wat al die pad





en hopelik sal julle nie moet vir 'n hele maand moet